

WILLOWS

16 - 18 Februarie 2018

Dit was 'n Senior Burger saamtrek en die gelukkiges het al Donderdag die son en see gaan opsoek.


Vrydag het die ander lede vinnig hulle staanplekke vir die naweek gekry en reggemaak om heerlik te ontspan.

Louis Botha het Vrydag aand die boekvat behartig en Liana Labuschagne die inbetaling.

Saterdagoggend was daar vlugbal gespeel onder die wakende oog van Gato Ferreira, een van Baden se kampioen spelers. Verder is daar heerlik rondgekuier en nuus uitgeruil. Onthou a maand is lank sonder jou kampmaatjie en dan is daar baie nuus.

Die middag het almal heerlik waatlemoen geëet onder die groot tent en dit was voorwaar 'n fees.

Saterdag aand het Denise Kaltenbrunn die boekvat behartig. Daarna het die vure begin brand en almal het lekker gekuier.



Spikkels & Charmaine
110 Streek Kampe



Pieter & Bettie Venter
180 Streek Kampe



Johan & Kobié Rossouw
25 Algemene Kampe



Johan & Wanda Van Vuuren
100 Algemene Kampe



Mario & Vicki Weitz
Buitengewone Diens
Toekenning

Sondagoggend het Ds. Rudi Van Tonder die erediens waargeneem en soos altyd was daar baie stof tot nadenke.

Sommiges het gou opgepak, maar daar was ander wat eers vir oolaas langs die see wou braai.

Dit was 'n lekker naweek met pragtige weer.

Dankie aan elkeen wat sy deel gedoen het om van hierdie naweek iets spesiaal te maak.



- Nelia Snyman

Alria Stanford
100 Streek Kampe



Die Jonker Gesin word voor voorgestel
as nuwe Lede